No 1320 29 Mei 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:**Gereformeerde Kerk Alkantrant**Predikant**:Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za* **Administratiewe beampte:** Rinade Villiers:081 599 2321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za;
Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745

Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Die eerste erediensdiens vind plaas om 09:00 en die tweede erediens om 10:30. Beide die eredienste sal gelei word deur Ds. Dirk Kotzee.

EERSTE DIENS:
LEES: Galasiërs 5: 13-26; Romeine 2: 1-5; Titus 3: 3-7
TEKS: Gal. 5: 22; Rom. 2:4 en Titus 3:4
TEMA: Die vrug van die Gees: Vriendelikheid

PREEKSKETS:

Die vrug van die Gees is liefde. Uit die liefde word vriendelikheid gebore. Die interessante vanmore is dat die woordjie vriendelikheid wat hier gebruik word nie heeltemal getrou is aan die Griekse betekenis van die woordjie nie. Die Afrikaanse taal het nie regtig een woord om dit te omskryf nie. Daarom het ons ’n hele preek nodig om dit te verklaar vanmore.

Die kort verklaring sou wees: Vriendelikheid, welwillendheid of soos die Engels dit vertaal: *Benevolence.* Om ’n daad te verrig met die doel om goed te doen aan ’n ander.

SING:
Psalm 9-2 (Cloete): 1, 5 en 6
SB 9-3: 1 en 2
Psalm 119-2 (Cloete): 26
SB 9-4: 1, 4 en 6
SB 13-3

TWEEDE DIENS:
LEES: Matteus 5: 27-30; Prediker 4: 9-12
TEKS: Matteus 5: 27-28; Pred. 4: 12. Sondag 41
TEMA: Die sewende gebod – die huwelik.

PREEKSKETS:

Mode bepaal op die oomblik dat dit nie nodig is om te trou nie. Dat saambly verhoudings ekonomies meer sin maak en aanvaarbaar is. Daar word verwys na die egskeiding syfers en dat dit meer sin maak om elkeen sy pad vat as dinge nie uitwerk nie. Ander mense sal nog in die huwelik tree, maar die oomblik wanneer dinge moeilik raak, dan skei ons maar. Almal skei, so dit is nie so erg nie. Vanmore luister ons saam na God se Woord en Sy wil vir die huwelik!

SING:
Lied 184: 1 en 3
SB 12-3: 1 en 2
SB 10-1: 1 en 4

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Dopperdinge.
Volgende Sondag: Teologiese studente-kas.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk F10 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Br. Tjaart van der Walt en diaken Sr. Ina Rautenbach.

Katkisasietoesig:
Vind plaas by Graad 2.

Gemeentesake:

Lief en leed:

Sr. Alida Visser het die vorige week ’n ernstige rug operasie ondergaan. Ons is dankbaar dat die operasie ’n sukses was. Ons bid vir spoedige herstel.

Br. Tjaart van der Walt se vriendin, Adri is die afgelope week oorlede. Ons bid dat die Here troos sal skenk wat net Hy kan gee.

Katkisasie:

Kategese vind plaas direk na die eerste erediens.

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 89 “likes”.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p./kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors, biltong, hoender-, bees-, herderspastei, lasagne, bobotie en malvapoeding te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Gemeentelike aktiwiteite

Sustersake

Skinkbeurte:

Vandag ***29/05:*** D4, F5, F6, F8 en H5.

Volgende Sondag: ***5/06:*** A1, E2, F7, G3, G6 en H1

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Koeksisters

Daar is weer koeksisters te koop in die portaal teen R 25.00 per dosyn.

Bybelstudie:

Oggendbybelstudie die week (Woensdag ***1/06***) om 09:30. Ons behandel Romeine 5.

Koffiekroeg:

Op versoek sal ons vanaand ons laaste koffiekroeg hê terwille van die eksamens. Ons tema vanaand (17:30):

Hoe weet ek in die wêreld vol gelowe, dat die Christelike geloof reg is?

Mootkamp 2016

Mootkamp is 25 Junie tot 2 Julie 2016. Dit is ’n kamp vir hoërskoolkinders van oor die hele Pretoria. Die kamp se tema is Dors! Die aanbieders van die kamp is Ds. Nikolaas Pienaar, Ds. Chris de Beer en Ds. Dirk Kotzee, in samewerking met die studente van GK Brooklyn wat as groepleiers optree. Kom deel in die pret en verdiep jou verhouding met God! Enige navrae? Kontak gerus vir Ds. Dirk Kotzee (079 305 3297).

Superbru

Ons het ’n Superbru groepie vir die sport-liefhebbers in ons gemeente gestig vir die Junie Rugby toetse. As jy sou wou saamspeel, laat weet asb. vir ds. Dirk Kotzee (dkotzee@gmail.com) of soek die groep op die Superbru webtuiste. Die groep se naam is Alkantrant.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag: 29 Mei

Johann van Niekerk (082.652.2325) en Kaydon van Wyk de Vries (083.317.4402).

Maandag: 30 Mei

Lionel Naude (081.019.2284) en Maggie Strydom (012 480.2009)

Dinsdag: 31 Mei

Petra Basson (073 261 8852)

Donderdag: 2 Junie

Stephan Jones (084.555.7484)

Vrydag: 3 Junie

Niel du Plessis (082.971.2515)

Saterdag: 4 Junie

Gemma Potgieter (082.886.7513) en Elaine Viljoen (084.652.8320)

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Kry die dominee by die koffie en tee stasie en kom drink eers ’n koppie koffie saam!

Gedagte vir die week:

As jy nie Sy weg deur jou trane kan sien nie,
vertrou op Sy hart.

- Charles H Spurgeon (1834 - 1892) –

Dagboek

Hierdie week:

29/05: Erediens om 09:00. Kategese direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste.
01/06: Oggendbybelstudie vind plaas om 09:30.

Volgende week:

05/06: Erediens om 09:00. Kategese direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste.
06/06 Finansiëlekommissie vergadering
08*/06* Breë Kerkraadvergadering
09/06: Aandbybelstudie vind plaas om 18:00.

Week 3:

***12/06*:** Erediens om 09:00. Kategese direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg.
15/06: Oggendbybelstudie vind plaas om 09:30.
16/06: Jeugdag.
17/06: Skoolvakansiedag

Week 4:

19/06: Erediens om 09:00. Geen Kategese of Tweede Erediens nie agv. lang naweek.
22/06: Aandbybelstudie om 18:00
24/06: Skole Sluit

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asb. met die redaksie i.v.m. die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik

Orrel Maraton:

Margaret van der Vecht en studente van die Konservatorium vir Kerkmusiek, bied ’n orrel maraton aan ten bate van die orrelfonds van die Hervormde Kerk se Moedergemeente in Pretoria.

Datum: 11 Junie 2016
Tyd: Vanaf 08:00 tot 18:00
Plek: Hervormde Kerk, Du Toit Straat, Pretoria (langs die ReserweBank)

Kontak: Margaret van der Vecht – 082 9272179

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

Eenheid in SanLameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae. Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan:*cjswan4@gmail.com.*

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais ('n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel *(012) 819 1316 of 082 412 7137*.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit. Skakel: *078 296 4593*.

Rina benodig Afloswerk:

Vir enige admin aflos werk op 'n daaglikse basis of net 'n ekstra hand vir 'n paar dae benodig. Skakel my gerus *Rina de Villiers by 081 599 2321* of e-pos *pikkie.rina18@gmail.com*

Lekker tuisgebak:

Bevrore hoender-/bees-/herderspastei, bobotie, lasagne en Malvapoeding. Is nou te koop tesame met die wildsvleis en pasteie.

Vir enige spysenierings behoeftes skakel ons gerus:

Rina de Villiers: 081 599 2321
Christiaan Swanepoel: 073 769 0455

Boekhouding en administrasie
Ek kan deeltyds help met boekhouding en administrasie werk. Kontak *Carlene by 072 345 8O67* of stuur epos na carlene.bookkeeping@gmail.com

---